



QUARTERLY BULLETIN
OF
STATISTICS

STATISTIESE
KWARTAALBLAD

No. 78
DECEMBER/DESEMBER
1965

INHOUD

	Bladsy
Kwartaalike ekonomiese oorsig	v
Verklaring deur die S.A. Reserwebank	xiv
Veranderings in die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika gedurende 1964	xxv

TABELLE

BANKWESE EN FINANSIES:

i. Suid-Afrikaanse Reserwebank — — —	1-2
ii. Handelsbanke (Suid-Afrika en S.W.- Afrika) — — — — —	3-4
iii. Nasionale Finanskorporasie — — —	5
iv. Diskontohuise — — — — —	6
v. Laste van die banksektor — — — — —	7-8
vi. Bates van die banksektor — — — — —	9
vii. Aksepbanke — — — — —	10
viii. Depositonemende Instellings — — —	11
ix. Ander trustmaatskappye — — — — —	12
x. Trustbates — — — — —	12
xi. Bouverenigings — — — — —	13
xii. Posspaarbank — — — — —	14
xiii. Nasionale Spaarsertifikate — — —	14
xiv. Versekeringsmaatskappye — — — — —	15
xv. Land- en Landboubank — — — — —	16
xvi. Bankdebette en omloopsnelheid van onmiddellik opelsbare deposito's —	17
xvii. Rendement op staatseffekte — — —	17
xviii. Rentekoerse — — — — —	18-19
xix. Skatkiswissels en belastingdelgingserti- fikate uitstaande — — — — —	20
xx. Effektebeursindekse — — — — —	21
xxi. Wisselkoerse — — — — —	22
xxii. Staatsfinansies — — — — —	23-24
xxiii. Binnelandse effekteskuld van die Sentrale Regering volgens besitter —	25

PRYSE:

xxiv. Prysindexe — — — — —	26
----------------------------	----

HANDEL EN VERVOER:

xxv. Kleinhandelsverkope en vervoer — —	27
xxvi. Buitelandse handel en goudproduksie —	28

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING:

xxvii. Minerale produksie — — — — —	29
xxviii. Werkverskaffings-, produksie- en ander indekse — — — — —	30

NASIONALE REKENINGE:

xxix. Volksinkome — — — — —	31
xxx. Binnelandse kapitaalvorming — — —	32-34
xxxi. Nasionale rekeninge — — — — —	35-38

BETALINGSBALANS:

xxxii. } tot } xxxiv }	Betalingsbalans — — — — —	39-44
------------------------------	---------------------------	-------

CONTENTS

	Page
Quarterly Economic Review	xv
Announcement by the S.A. Reserve Bank	xxiv
Changes in the Foreign Liabilities and Assets of South Africa during the Year 1964	xxxvi

TABLES

BANKING AND FINANCE:

i. S.A. Reserve Bank — — — — —	1-2
ii. Commercial Banks (South Africa and S.W. Africa) — — — — —	3-4
iii. National Finance Corporation — — —	5
iv. Discount Houses — — — — —	6
v. Liabilities of the Banking Sector — — —	7-8
vi. Assets of the Banking Sector — — — —	9
vii. Merchant Banks — — — — —	10
viii. Deposit-Receiving Institutions — — —	11
ix. Other Trust Companies — — — — —	12
x. Trust Assets — — — — —	12
xi. Building Societies — — — — —	13
xii. Post Office Savings Bank — — — — —	14
xiii. National Savings Certificates — — —	14
xiv. Insurance Companies — — — — —	15
xv. Land and Agricultural Bank — — — — —	16
xvi. Bank Debits and Velocity of Demand Deposits — — — — —	17
xvii. Government Stock Yield — — — — —	17
xviii. Interest Rates — — — — —	18-19
xix. Treasury Bills and Tax Redemption Certificates Outstanding — — — — —	20
xx. Stock Exchange Indices — — — — —	21
xxi. Foreign Exchange Rates — — — — —	22
xxii. Government Finance — — — — —	23-24
xxiii. Ownership Distribution of Internal Stock Debt of the Central Govern- ment — — — — —	25

PRICES:

xxiv. Indices of Prices — — — — —	26
-----------------------------------	----

TRADE AND TRANSPORTATION:

xxv. Retail Sales and Transportation — —	27
xxvi. Foreign Trade and Gold Production —	28

PRODUCTION AND EMPLOYMENT:

xxvii. Mineral Production	29
xxviii. Employment, Production and other Indices	30

NATIONAL ACCOUNTS:

xxix. National Income — — — — —	31
xxx. Domestic Capital Formation — — —	32-34
xxxi. National Accounts — — — — —	35-38

BALANCE OF PAYMENTS:

xxxii. } to } xxxiv }	Balance of Payments — — — — —	39-44
-----------------------------	-------------------------------	-------

KWARTAALLIKSE EKONOMIESE OORSIG

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

- (1) Die jongste beskikbare gegewens bevestig dat die lang sikliese ekonomiese oplewing in Suid-Afrika, wat omstreeks die middel van 1961 begin het, teen ongeveer die middel van 1965 meer gelyk begin verloop het. Gedurende die tydperk Julie tot Oktober het sekere belangrike ekonomiese aanwysers, met insluiting van die bruto volksproduk (teen heersende pryse), teen 'n merkbaar stadiger koers as voorheen toegeneem. Ander aanwysers, soos die bruto binnelandse besteding, private verbruik, belegging in voorrade en die invoer, het heeltemal opgehou om te styg en horisontaal verloop. 'n Derde groep, wat private vaste kapitaalbesteding, kleinhandelsverkope, verkope van nuwe motorvoertuie, bouplanne goedgekeur en vaste eiendomstransaksies ingesluit het, het in werklikheid selfs gedaal, of vir die eerste maal sedert die begin van die oplewing of as 'n voortsetting van 'n afwaartse neiging wat reeds eerder begin het.
- (2) Maar ten spyte van hierdie verandering in die sikliese tendens het die peil van die algemene ekonomiese bedrywigheid gedurende die onderhawige vier maande baie hoog gebly. In werklikheid het die oplewing gedurende die eerste helfte van 1965 die doel in so 'n mate verbygestreef („overshot the mark”) dat die neiging tot 'n meer gelyke verloop gedurende die derde kwartaal nog onvoldoende was om die ekonomie in die vereiste mate te laat afkoel, sodat die inflasionistiese druk aansienlik gebly en die betalingsbalans in lopende rekening nog steeds 'n groot tekort getoon het. Die eerste werklike tekens van 'n beduidende afname in die lopende tekort het eers in Oktober verskyn.
- (3) Ondanks die groot lopende tekort het die totale goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende die derde kwartaal met slegs R10 miljoen gedaal en gedurende Oktober met R32 miljoen toegeneem. Dit het vanselfsprekend beteken dat 'n aansienlike invloeiing van kapitaal plaasgevind het, wat hoofsaaklik die vorm aangeneem het van private korttermynkapitaalbewegings wat met die buitelandse handel verband
- gehou het, en van trekkings op offisiële lenings.
- (4) Hoewel die private sektor nog steeds betreklik likwied gebly het, was daar gedurende die tydperk Julie tot Oktober besliste tekens dat die verskillende monetêre maatreëls wat vroeër betref is, begin het om hulle uitwerking te laat voel. Krediet wat deur die handelsbanke en ander monetêre bankinstellings aan die private sektor verleen is, het byvoorbeeld 'n duidelike neiging tot 'n meer gelyke verloop getoon, terwyl die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk effens gedaal het.
- (5) Sentrale Regeringsdeposito's by die Reserwebank het gedurende die derde kwartaal en Oktober aangehou om skerp te daal. In September het die Minister van Finansies egter maatreëls aangekondig om die kapitaaluitgawes van nie net die Sentrale Regering nie maar ook van die Provinsiale Administrasies en groter munisipaliteite aan bande te lê. Verder het die Regering in Oktober 'n langtermynlening uitgeskryf.
- (6) Die toestand op die kapitaalmark het oor die hele tydperk van Julie tot Oktober aangehou om te vernou en verdere opwaartse druk is op middel- en langtermynrentekoerse uitgeoefen. Onder andere het dit in Augustus 'n verdere verhoging van $\frac{1}{2}$ persent in die stel koerse wat deur die Reserwebank ten opsigte van transaksies in staatseffekte gekwoteer word, tot gevolg gehad, waardeur die koers op effekte met 'n looptyd van meer as $10\frac{1}{2}$ jaar op 6 persent te staan gebring is.
- (7) Ten einde 'n verdere bydrae te maak tot beteueling van die inflasionistiese druk wat nog in die volkshuishouding bestaan het, het die Reserwebank in Oktober alle monetêre bankinstellings uitdruklik versoek om toe te sien dat die totaal van hul diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, met uitsondering van die Landbank, op 31 Maart 1966 nie die totaal van hierdie poste soos op 31 Maart 1965 oorskry nie.

NASIONALE REKENINGE¹⁾

Afname in die groeikoers van die bruto volksproduk

Die bruto volksproduk het gedurende die derde kwartaal van 1965 in monetêre terme slegs effens toegeneem en in reële terme, d.w.s. gewaardeer teen konstante pryse, slegs 'n geringe, indien enige, toename getoon.

Vergeleke met die vorige kwartaal het die inkome wat in die private fabriekswese en die landbou geskep is weinig verandering getoon, terwyl die bydrae van die handel, wat tot die middel van 1965 aansienlik toegeneem het, in werklikheid gedurende die derde kwartaal afgeneem het. Hoewel die inkome wat deur die mynwese geskep is gedurende die derde kwartaal toegeneem het, was dit nogtans onder die peil wat gedurende die vierde kwartaal van 1964 en die eerste kwartaal van 1965 behaal


Afname in private vaste kapitaalbesteding

Ná 'n skerp styging gedurende die tweede kwartaal het die private vaste kapitaalbesteding gedurende die derde kwartaal ietwat afgeneem. Dit het hoofsaaklik 'n afname in vaste kapitaalvorming in die fabriekswese en mynwese weerspieël, wat 'n matige verdere toename in residensiële bouwerk meer as geneutraliseer het. Alhoewel dit te vroeg is om besliste gevolgtrekkings te maak, is dit moontlik dat die private beleggingsgolf teen ongeveer die middel van die jaar sy boonste draaipunt bereik het. Indien dit die geval is, kan gedurende die komende maande 'n verdere matige afname of ten minste 'n horisontale verloop van hierdie belangrike bestanddeel van die totale besteding verwag word. 'n Sodanige verloop van sake sou in ooreenstemming met amptelike beleid wees en tensy kompenserende veranderinge in ander bestanddele van die totale besteding sou voorkom, behoort dit die inflasionistiese druk op pryse en invoer te verminder, veral in die lig van die inkrimpande uitwerking wat enige afname in kapitaalbesteding waarskynlik op die private verbruiksbesteding sal hê.

Verdere styging in openbare vaste kapitaalbesteding

Ten spyte van 'n afname in vaste kapitaalvorming deur openbare korporasies, was die openbare sektor in sy geheel gedurende die derde kwartaal verantwoordelik vir 'n skerp verdere toename in vaste kapitaalbesteding.

1) Die ontleding in hierdie afdeling van die oorsig is grotendeels gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike ramings van die nasionale rekeninge ná uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie kwartaalsyfers nog nie betroubaar genoeg vir publikasie geag word nie, word die ontleding tot die aanduiding van breë neigings beperk.



Hierdie toename, wat hoofsaaklik aan 'n aansienlike styging in kapitaalbesteding deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens toegeskryf moet word, het meer as vergoed vir die afname in private vaste kapitaalvorming, sodat die totale vaste kapitaalbesteding 'n aansienlike verdere toename getoon het.

Belegging in voorrade

In teenstelling met vroeëre aanduidings, toon die jongste beskikbare syfers aan dat die belegging in voorrade, d.w.s. die netto toevoeging tot goederevoorrade, gedurende die derde kwartaal van 1965, op 'n baie hoë vlak gebly het. Dit is moontlik dat dit tot op sekere hoogte verband gehou het met die hoë invoersyfer wat gedurende hierdie tydperk aangeteken is.

Meer gelyke verloop van private verbruik en lopende besteding deur openbare owerhede

Ondanks die verdere styging in die totale kapitaalbesteding, wil dit voorkom asof die private verbruik gedurende die derde kwartaal heeltemal gelyk begin verloop het en moontlik selfs ietwat afgeneem het. Hierdie verwikkeling word bevestig deur die verloop van indekssyfers ten opsigte van bepaalde soorte verbruiksbesteding. Die seisoensaangesuiwerde indeks vir die aantal nuwe motors wat verkoop is, wat reeds in September 1964 sy boonste draaipunt bereik het, het byvoorbeeld aanhoudend gedaal en in Oktober 1965 'n peil bereik wat 28 persent onder die draaipunt gelê het, terwyl die seisoensaangesuiwerde indeks vir kleinhandelsverkope gedurende die derde kwartaal met ongeveer 1½ persent gedaal het.

Lopende besteding deur die Regering en ander openbare owerhede het ook 'n duidelike neiging tot 'n meer gelyke verloop getoon.

Uitvoer van goedere en nie-faktordienste (insluitende goud)

Die uitvoer van goedere en (nie-faktor) dienste, insluitende die produksie van goud, het gedurende die derde kwartaal 'n ietwat groter toename as gedurende die tweede kwartaal getoon en daardeur bygedra tot die klein verdere toename in die bruto volksproduk.

Aansienlike herstel van besparing

Die natuurlike teenhanger van die klein verdere toename in die bruto volksproduk en die meer gelyke verloop of selfs dalende neiging wat deur verbruik getoon is, was 'n toename in besparing. Vir die eerste drie kwartale van 1965 was die bruto binnelandse besparing in werklikheid selfs ongeveer 12½ persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Hierdie toename was feitlik geheel-en-al die gevolg van die herstel van persoonlike besparing.

Bruto binnelandse besteding nog steeds groter as bruto volksproduk


Die netto resultaat van die verskillende bestedingsneigings wat hierbo bespreek is, was dat die bruto binnelandse besteding, d.w.s. die somtotaal van kapitaalbesteding, private verbruik en lopende Regeringsbesteding, gedurende die derde kwartaal geneig het om meer gelyk te verloop, terwyl, soos reeds eerder vermeld is, die bruto volksproduk slegs 'n klein verdere toename getoon het. Gevolglik het die groot afwyking tussen hulle, wat 'n aansienlike tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans geïmpliseer het, met slegs 'n matige bedrag afgeneem. Onder die heersende omstandighede het dit daarop gedui dat die totale monetêre vraag, hoewel dit nie meer in beduidende mate gestyg het nie, gedurende hierdie tydperk tog nog steeds oormatig was.

PRODUKSIE EN INDIENSNEMING¹⁾

Fabriekswese

Alhoewel die indeks van die fisiese omvang van nywerheidsproduksie oor die eerste nege maande van 1965 8 persent hoër was as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1964, het dit tussen April en Augustus 1965 geneig om meer gelyk te verloop. In September het egter 'n skerp styging van 7.5 persent in die indeks voorgekom, wat moontlik aan toevallige skommelings of aan 'n verskuiwing in die seisoenspatroon toegeskryf kan word.

Terwyl die indiense neming in die fabriekswese van Januarie tot September 1965 aanhoudend gestyg het, was die koers van toe-



1) Die statistiese reekse wat in hierdie afdeling gebruik word, is vir seisoensneigings aangesuiwer.

name ietwat laer as dié wat gedurende dieselfde tydperk van die vorige jaar bereik is, naamlik 5.6 persent vergeleke met 6.9 persent van Januarie tot September 1964.

Konstruksie

Nadat dit tussen die vierde kwartaal van 1964 en die eerste kwartaal van 1965 met 24 persent gestyg het, het die waarde van „bouplanne goedgekeur” tussen die eerste en tweede kwartale van 1965 met 10 persent, en tussen die tweede en derde kwartale met 'n verdere 19 persent, gedaal. In werklikheid het hierdie reeks in Maart 1965 sy hoogste punt bereik en sedertdien met nie minder nie as 45 persent afgeneem na 'n vlak in September wat laer was as die gemiddelde van 1964.

Die indiensneming in die konstruksiebedryf het egter van Januarie tot September 1965 met ongeveer 7 persent toegeneem, vergeleke met slegs ongeveer 5 persent gedurende dieselfde tydperk van die vorige jaar.

Vaste eiendom

Nadat dit in Desember 1964 'n boonste draaipunt bereik het, het die kwartaallikse gemiddelde van die indeks van transaksies in vaste eiendom met 4, 13 en 12 persent gedurende die eerste, tweede en derde kwartale van 1965, onderskeidelik, gedaal.

Werkloosheid

'n Verdere aanduiding van die neiging tot 'n meer gelyke verloop in die volkshuishouding word verskaf deur die feit dat die aantal werklose Blankes, Asiate en Kleurlinge, nadat dit in Junie 'n laagtepunt van 10,586 bereik het, tot 12,136 in Oktober toegeneem het. Laasgenoemde syfer kan egter nog steeds as abnormaal laag beskou word.

PRYSE

'n Bemoedigende kenmerk van die ekonomiese toestand gedurende die derde kwartaal was 'n vertraging van die koers van toename van die seisoensaangesuiwerde indekse van verbruikers- en groothandelspryse.

Nadat dit tussen Desember 1963 en Desember 1964 met 4 persent gestyg het, het die indeks van verbruikerspryse gedurende die eerste drie kwartale van 1965 kwartaallikse toenames, teen 'n jaarlikse koers bereken, van 3.6, 3.6 en 2.8 persent onderskeidelik, getoon. Dit het hoofsaaklik 'n vertraging van die koers van toename van voedselpryse, wat gedurende 1964 met 8.8 persent gestyg het, weerspieël. Gedurende Oktober het verbruikerspryse egter skerp gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike styging in voedselpryse.


In die geval van die aangesuiwerde groothandelsprysindeks het die kwartaallikse toe-

names, teen 'n jaarkeers bereken, gedurende die eerste drie kwartale van 1965 onderskeidelik 2.4, 2.8 en 0.8 persent bedra. Tussen September en Oktober was daar geen verandering in hierdie indeks nie.

BETALINGSBALANS

Voortgesette tekort op die lopende rekening

Die invoer van handelware, wat gedurende 1963 met 24 persent en gedurende 1964 met 23 persent toegeneem het, het gedurende die eerste nege maande van 1965, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk van 1964, met 'n verdere 20 persent toegeneem. Bowendien het die invoer na aansuiwering vir seisoensinvloede en teen 'n jaarlikse koers bereken, ondanks die neiging in algemene ekonomiese bedrywigheid om gedurende die derde kwartaal van 1965 meer gelyk te verloop, nog toegeneem van R1,880 miljoen in die tweede kwartaal tot R1,920 miljoen in die derde kwar-



taal. Aangesien die goedere-uitvoer en die goudproduksie gedurende hierdie tydperk met 'n effens groter bedrag toegeneem het terwyl die netto onsigbare betalings min verandering getoon het, het die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, na aansuiwering vir seisoensinvloede en teen 'n jaarlikse koers bereken, vanaf ongeveer R420 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot ongeveer R392 miljoen gedurende die derde kwartaal afgeneem.

Groot netto invloeiing van private kapitaal

Terwyl die lopende rekening aangehou het om 'n groot tekort te toon, is op die kapitaalrekening egter 'n aansienlike invloeiing van fondse aangeteken. Indien die netto foute en weglatings in die ramings ten bedrae van R18 miljoen onder private kapitaal ingesluit word, het daar gedurende die derde kwartaal 'n netto invloeiing van nie minder nie as R64 miljoen van hierdie kapitaal plaasgevind. Dit verteenwoordig die grootste netto invloeiing van hierdie soort fondse sedert die begin van 1960.

Van hierdie invloeiing het R27 miljoen die vorm van *geïdentifiseerde* korttermynkapitaalbewegings aangeneem, terwyl aanvaar kan word dat 'n gedeelte van die foute en weglatings ook 'n korttermynkapitaalinvloeiing verteenwoordig het. Die *geïdentifiseerde* netto invloeiing van langtermynkapitaal het R19 miljoen bedra, waarvan R6 miljoen voortgespruit het uit die netto aankope deur buitelanders van Suid-Afrikaanse effekte op die Johannesburgse Effektebeurs.

Dit wil voorkom of een belangrike rede vir hierdie verandering in die kapitaalrekening van die betalingsbalans die geleidelike vernouing van die binnelandse geld- en kapitaalmarkte was, wat geneig het om die repatriasie van buitelandse fondse wat aan plaaslike inwoners toekom, te bespoedig en om plaaslike ondernemings aan te spoor om meer kredietfasiliteite van oorsese geassosieerde maatskappye te bekom, 'n neiging wat ook deur die valuta- en invoerbeheerowerheid aangemoedig is.

Aansienlike buitelandse lenings deur offisiële en banksektor

Behalwe die netto invloeiing van private kapitaal, het offisiële en bankkapitaal gedurende die derde kwartaal 'n netto invloeiing van R26 miljoen getoon. Dit het trekkings van ongeveer R25 miljoen op offisiële buitelandse lenings ingesluit, wat die totale trekkings van hierdie aard sedert die begin van die jaar op ongeveer R70 miljoen te staan gebring het.

Relatief klein afname in goud- en buitelandse valutareserwes

Die uitwerking van hierdie gekombineerde toevloeiing van private en offisiële kapitaal was om die daling in die totale goud- en buitelandse valutareserwes gehou deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gedurende die derde kwartaal tot 'n blote R10 miljoen te laat afneem, ondanks die groot tekort op die lopende rekening. Teen die einde van September het hierdie reserwes R334 miljoen bedra, vergeleke met R489 miljoen aan die begin van die jaar.

In 'n sekere sin het die invloeiing van kapitaal dus geneig om die feit dat die werklike betalingsbalansposisie nog lank nie bevredigend was nie, te verbloem, veral aangesien dit hoofsaaklik uit korttermynfondse bestaan het. Bowendien het die invloeiing van fondse, deur te verhinder dat die monetêre en banktoestand meer vernou het as wat dit in werklikheid gedoen het, moontlik selfs 'n valse gevoel van optimisme geskep en sekere inflasionistiese gevolge gehad. Op hierdie wyse het dit miskien die nodige aanpassings in die ekonomie, waarvan vroeër verwys is, vertraag. Aan die ander kant het dit beslis meer tyd aan die ekonomie verleen om wel hierdie aanpassings te maak en, op voorwaarde dat hierdie tyd goed benut word, kan dit uiteindelik baie voordelig blyk te gewees het.

Verwikkelinge gedurende Oktober

Betekenisvolle veranderings het gedurende Oktober in die lopende rekening van die betalingsbalans voorgekom. Die invoer van goedere, wat gedurende die derde kwartaal gelyk was aan 'n jaarlikse koers van meer as R1,900 miljoen, het gedurende Oktober tot 'n jaarlikse koers van slegs ongeveer R1,600 miljoen verminder. Aangesien hierdie skerp afname in die invoer gepaard gegaan het met 'n verdere klein toename in die goedere-uitvoer en die netto goudproduksie, terwyl geen belangrike veranderings in die netto onsigbare betalings gedurende die maand voorgekom het nie, het die lopende tekort feitlik verdwyn.

Volgens voorlopige ramings het die land se totale goud- en buitelandse valutareserwes gedurende Oktober met ongeveer R32 miljoen tot omstreeks R369 miljoen aan die einde van die maand toegeneem. Aangesien die lopende rekening naastenby in ewewig was en geen betekenisvolle netto bewegings van offisiële kapitaal aangeteken is nie, moes daar gedurende Oktober 'n verdere aansienlike netto private kapitaalinvloeiing voorgekom het.

Gedurende November het die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R8 miljoen tot R346 miljoen aan die einde van die maand toegeneem. Volgens

ruwe voorlopige ramings het die totale goud- en buitelandse valutareserwes wat deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gehou is op daardie stadium ongeveer R390 miljoen bedra.

MONETÊRE EN BANKTOESTAND

Afname in geld en kwasi-geld

Gedurende die derde kwartaal van 1965 het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld met ongeveer R60 miljoen of 2 persent gedaal. Dit het die eerste kwartaallike afname sedert die derde kwartaal van 1963 verteenwoordig en moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat die uitwerking van die daling in die netto goud- en buitelandse valutareserwes vir die eerste maal sedert die begin van 1964 nie deur 'n toename in krediet wat deur die banksektor verleen is, geneutraliseer is nie, maar in werklikheid selfs deur 'n matige vermindering van hierdie krediet aangehelp is. Die gekombineerde inkrimpande uitwerking van hierdie twee invloede het meer as vergoed vir 'n verdere verskuiwing oor hierdie tydperk van fondse van die Regering na die private sektor.

Die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk, ná aansuiwering vir seisoensveranderinge, het dienooreenkomstig 'n klein daling getoon, maar het nog bo 36 persent gebly. Dit het daarop gedui dat die private sektor in sy geheel gedurende hierdie tydperk nog in 'n hoogs likwiede toestand verkeer het.

Meer gelyke verloop van diskonteringing en voorskotte van handelsbanke

Soos die bygaande tabel aandui, het die totale diskonteringing en voorskotte van handelsbanke gedurende die derde kwartaal met die matige bedrag van R15 miljoen afgeneem, nadat dit gedurende die tweede kwartaal van 1965 met R44 miljoen en gedurende die twaalf maande tot Junie 1965 met R302 miljoen, ge-

Diskonteringing en voorskotte van handelsbanke 1965 (R miljoene)

Maand	Totale diskonteringing en voorskotte	Voorskotte aan Land Bank	Totale diskonteringing en voorskotte uitgesonderd Land Bank	Totale diskonteringing en voorskotte, seisoensinvloed uitgeskakel
Januarie	1,239	14	1,225	1,275
Februarie	1,284	17	1,267	1,277
Maart	1,307	19	1,288	1,298
April	1,341	19	1,322	1,326
Mei	1,337	27	1,310	1,324
Junie	1,351	32	1,319	1,329
Julie	1,371	44	1,327	1,346
Augustus	1,352	32	1,321	1,328
September	1,336	35	1,301	1,343




styg het. Indien seisoensveranderinge in aanmerking geneem word, wil dit egter voorkom of daar tussen Junie en September tog nog 'n styging van ongeveer R14 miljoen voorgekom het, in vergelyking met R31 miljoen gedurende die tweede kwartaal.

Hierdie verminderde koers van toename in die seisoensaangesuiwerde syfer was waarskynlik grotendeels die gevolg van die beperkende monetêre beleid wat deur die owerheid toegepas is en wat, behalwe morele oorrading en hoër rentekoerse, ook die trapsgewyse verhoging sedert Maart van die minimum likwiditeitsverhoudings vir handelsbanke tot die maksimum van 40 en 30 persent van kort- en middeltermynverpligtings, onderskeidelik, ingesluit het. Hoofsaaklik as gevolg van laasgenoemde maatreeël is die oorskot likwiede bates van die banke vanaf R159 miljoen of 8.4 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek aan die einde van Maart tot R64 miljoen of 3.3 persent van hierdie verpligtings aan die einde van Oktober verminder. Gedurende dieselfde tydperk het die „ander voorgeskrewe beleggings“ van die banke ook vanaf R71 miljoen of 3.7 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek tot ongeveer R44 miljoen of 2.2 persent van hierdie verpligtings aan die einde van Oktober verminder. By twee geleenthede, nl. aan die einde van Julie en aan die einde van September, het die oorskot likwiede bates van die banke selfs tot slegs 1.9 persent van hul verpligtings teenoor die publiek gedaal. Dit het uiteraard perke gestel aan hul vermoë om met die uitbreiding van hul diskonteringing en voorskotte vooraf te gaan.

Voortsetting van die meer gelyke verloop van krediet verleen deur ander monetêre bankinstellings¹⁾

Net soos gedurende die tweede kwartaal het die krediet wat deur die meeste ander „monetêre bankinstellings“ aan die private sektor verleen is, gedurende die derde kwartaal slegs weinig, indien enige, verdere toename getoon. Die totale diskonteringe en voorskotte van aksepanke het byvoorbeeld min of meer in die omgewing van die R60 miljoen-merk gebly voordat dit gedurende Oktober matig gestyg het tot R65 miljoen, terwyl die diskonteringe en voorskotte van daardie huurkoop-, spaar- en algemene banke wat as „monetêre“ bankinstellings kwalifiseer slegs vanaf R392 miljoen aan die einde van Junie tot R406 miljoen aan die einde van September toegeneem het. Aksepte wat deur die diskontohuise gehou is, het in werklikheid vanaf R100 miljoen aan die einde van Junie tot R80 miljoen aan die einde van Oktober verminder, ondanks 'n toename oor hierdie tydperk van R44 miljoen in die bedrag aan daggeld wat by hulle gehou is.



Skatkiswissel-tenderkoers

Nadat dit vanaf 4.02 persent op 2 Julie tot 'n hoogtepunt van 4.26 persent gedurende die eerste helfte van September gestyg het, het die skatkiswissel-tenderkoers geleidelik tot 4.12 persent op 12 November gedaal, hoofsaaklik onder die invloed van 'n netto toename van ongeveer R20 miljoen in die goud- en buite-

1) „Monetêre bankinstellings“ omvat, ooreenkomstig die Regulasies onder die nuwe Bankwet, die Reserwebank, die Nasionale Finansiële korporasie, diskontohuise, handelsbanke, aksepanke en daardie ander bankinstellings waarvan die korttermynverpligtings minstens R500,000 bedra en wat om daardie rede verplig word om 'n minimumsaldo by die Reserwebank aan te hou.

landse valutareserwes van die Reserwebank en 'n afname van R27 miljoen in Regeringsdeposito's by die Reserwebank gedurende hierdie tydperk. Daarná het die koers egter betreklik skerp tot 4.22 persent op 3 Desember gestyg namate die bedrag aan tenderwissels wat weekliks aangebied is, tragsgewys van R10 miljoen tot R14 miljoen vermeerder is.

Uitreiking van nuwe skatkiswissels op aanvraag

'n Interessante verwikkeling op die geldmark oor die afgelope paar maande was die uitreiking via die Reserwebank aan diskontohuise en handelsbanke van skatkiswissels op aanvraag („tap Treasury bills“). Hierdie wissels is uitgereik met verskillende looptye wat nie 91 dae oorskry het nie en vir wisselende bedrae, maar teen 'n koers wat effens laer was as die vergelykbare koers op gewone tenderwissels. Die belangrikste oogmerk by die uitreiking van hierdie wissels was om addisionele fondse na die Regeringsektor aan te trek deur gerieflike beleggingsgeleenthede te verskaf vir korttermynfondse soos bv. belastinggelde wat voor die betaaldatum daarvan, op 30 November, deur die mynhuise by die geldmarkinstellings gedeponeer is.


Uitstaande skatkiswissels op aanvraag (R miljoene)

	Diskontohuise	Handelsbanke	Totaal
31 Oktober	28.0	14.0	42.0
19-29 November	38.0	19.0	57.0
30 November	—	19.0	19.0

STAATSFINANSIES

'n Belangrike verwikkeling in die staatsfinansies gedurende die derde kwartaal en gedurende Oktober was die volgehoue afname in Sentrale Regeringsdeposito's by die Reserwebank. So het hierdie deposito's, nadat dit reeds vanaf R200 miljoen aan die einde van Maart 1965 tot R79 miljoen aan die einde van Junie 1965 afgeneem het, verder gedaal tot R19 miljoen en R14 miljoen aan die einde van September en Oktober onderskeidelik. Die afname gedurende Oktober het voorgekom ten spyte van die feit dat R42 miljoen van diskontohuise en handelsbanke verkry is deur die uitreiking van skatkiswissels op aanvraag („tap Treasury bills“). Hierdie groot beweging van Regeringsfondse na die private sektor toe het vanselfsprekend die matige vernouende uitwerking van die betalingsbalanstekort op die likwiditeit van die bank- en private sektore gedurende hierdie tydperk meer as geneutraliseer en het die doeltreffendheid van die aanvullende likwiede bate-vereistes vir handelsbanke verminder.

Ten einde die ander maatreëls wat daarop



gemik was om die oormatige monetêre vraag te verminder, aan te vul, het die Minister van Finansies op 13 September die volgende fiskale beleidsmaatreëls aangekondig:

Eerstens sou die Regering self trag om sy uitgawes, veral op kapitaalwerke, gedurende die komende maande te verlaag, en alle belangrike tenders vir Regeringsaankope sou eers deur 'n spesiale Kabinetskomitee oorweeg word voordat dit na die Tenderraad gaan.

Tweedens het die Regering die volmondige samewerking van die Provinsiale Administrateurs verkry om die uitgawes van die Administrasies in toom te hou. Samesprekings is ook met die belangrikste munisipaliteite gevoer en die Regering het van hulle verwag dat hulle hul uitgawes sou besnoei. Verder was die Regering ook van voorneme om die belangrikste openbare korporasies in hierdie verband te nader en het verwag om hulle samewerking te verkry.

Derdens, terwyl die Regering aanvaar het dat sekere kapitaalwerke, soos dié van die Spoorweë, asook behuising, om ekonomiese en maatskaplike redes nie uitgestel kon word nie, het hy die belangrikheid daarvan besef om hierdie noodsaaklike werke op 'n nie-inflationistiese wyse te finansier. Met dit in gedagte is besluit om op 15 Oktober 'n twintigjaarlening uit te skryf teen 'n koers van 6 persent, die hoogste koers wat ooit op 'n Regeringslening in Suid-Afrika aangebied is. Die Minister het ook die hoop uitgespreek dat lewensversekeringsorganisasies, pensioenfondse ander finansiële instellings hierdie lening in die nasionale belang sou ondersteun. Hy het verder 'n beroep op private organisasies met aansienlike fondse tot hul beskikking gedoen om op Regeringslenings in te skryf eerder as om op hierdie stadium met groot nuwe kapitaalprojekte voort te gaan.

Aansoeke vir die langtermynlening wat deur die Minister aangekondig is, het in totaal R58 miljoen bedra op die 15de November, toe die inskrywingslyste gesluit is. Belangrike inskrywers op die lening was die Staatskuldkommissaris (R33 miljoen), versekeringsmaatskappye (R13 miljoen), pensioen- en voorsorgfondse (R5 miljoen), en mynhuise (R4 miljoen).

KAPITAALMARK

Gedurende die tydperk Julie tot Oktober 1965 is die kapitaalmark gekenmerk deur 'n voortgesette vernouing van toestande en verdere opwaartse druk is op opbrengskoerse in die algemeen uitgeoefen.

Nuwe uitgiftes

Hoewel netto nuwe uitgiftes van bemerkbare effekte deur die private sektor van R39 miljoen gedurende die eerste kwartaal en R32 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R27 miljoen gedurende die derde kwartaal gedaal het, het netto nuwe uitgiftes deur die openbare sektor (uitgesonderd uitgiftes aan die Staatskuldkommissaris) toegeneem vanaf onderskeidelik R18 miljoen en R12 miljoen gedurende die eerste en tweede kwartaal tot R35 miljoen gedurende die derde kwartaal. Gedurende Oktober het sowel die private as die openbare sektor 'n verdere R11 miljoen opgeneem.

Verdere opwaartse druk op die koerse op prima-effekte

Die betreklik groot netto lenings wat gedurende die tydperk Julie tot Oktober 1965 deur die openbare sektor aangegaan is, het met verdere opwaartse druk op langtermynrente-koerse in die mark vir prima-effekte gepaard gegaan, wat gelei het tot 'n verdere toename, op 16 Augustus, van $\frac{1}{2}$ persent in die stel koerse wat deur die Reserwebank vir transaksies in staatseffekte gekwoteer word. Hierdie verhoging het die koers op effekte met 'n looptyd van meer as $10\frac{1}{2}$ jaar op 6 persent te staan gebring. Geoordeel volgens nuwe uitgiftes gedurende die derde kwartaal het die verskil tussen die effektiewe opbrengskoerse tot vervaldatum op staatseffekte en ander prima-effekte tot meer as 0.7 persent toegeneem.

Aandelepryse en opbrengskoerse

Die indeks van nywerheids- en handelsaandelepryse (1958 = 100), wat in April 1965 'n hoogtepunt van 278 bereik het, het gedurende die derde kwartaal verder gedaal tot 224 in September. Dit het 'n daling van 20 persent oor 'n tydperk van vyf maande verteenwoordig. Daarna het hierdie indeks egter tot 226 in Oktober gestyg. Gedurende September het die gemiddelde opbrengs op hierdie aandele vir

MONETÊRE BELEID

die eerste keer in drie jaar 6 persent oorskry en daarna tot 6.2 persent in Oktober gestyg.

Nadat dit vanaf 123 in September 1964 tot 'n hoogtepunt van 151 in Augustus gestyg het, het die prysindeks van goudmynaandele (1958 = 100) tot 139 in Oktober gedaal. Op daardie stadium het die gemiddelde opbrengskoers op hierdie aandele 8.5 persent bedra, vergeleke met 7.2 persent in September 1964.

Bouverenigings

Die bouverenigings het gedurende die tydperk van vier maande onder beskouing nog steeds die uitwerking van die algemene verouing in die kapitaalmarktoestand ondervind. Hulle uitstaande verband- en ander lenings het gedurende hierdie tydperk met R40 miljoen toegeneem, wat minder was as die gemiddelde kwartaallikse toename gedurende die eerste helfte van die jaar. Bowendien het hierdie toename hoofsaaklik voorskotte weerspieël wat gemaak is uit hoofde van verpligtings wat voorheen reeds aangegaan is, aangesien min nuwe verbande gedurende hierdie vier maande toegestaan is. Die syfer ten opsigte van „verbande toegestaan maar nog nie uitbetaal nie” het in werklikheid met R37 miljoen afgeneem.

Teenoor die toename van R40 miljoen in uitstaande verband- en ander lenings, het die verenigings se middele met slegs R37 miljoen toegeneem, wat deur toenames van R20 miljoen en R22 miljoen in aandeelkapitaal en spaardeposito's onderskeidelik, en 'n afname van R5 miljoen in vaste deposito's, verklaar word.

Hoewel bewus van die feit dat die gesamentlike werking van natuurlike ekonomiese kragte en beperkende maatreëls teen ongeveer die middel van 1965 'n meer gelyke verloop in algemene ekonomiese bedrywigheid teweegbring het, het die monetêre owerhede in Oktober besluit dat verdere maatreëls nodig was om die inflasionistiese druk wat nog in die ekonomie bestaan het, aan bande te lê en om die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans sonder oormatige versuim uit te skakel. Gevolglik het die Reserwebank op 29 Oktober alle monetêre bankinstellings uitdruklik versoek om seker te maak dat die totaal van hul diskonteringe, lenings en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, op 31 Maart 1966 nie die totaal van hierdie poste soos op 31 Maart 1965 oorskry nie. Dit het in werklikheid beteken dat die diskonteringe, lenings en voorskotte van die handelsbanke aan die private sektor tussen die einde van September 1965 en die einde van Maart 1966 met die matige bedrag van ongeveer R13 miljoen, en dié van ander monetêre bankinstellings (uitgesonderd diskontohuise) met ongeveer R8 miljoen, verminder sou moes word. Hierbenewens het die Reserwebank alle monetêre bankinstellings versoek om by die uitvoering van hierdie opdrag sekere riglyne in ag te neem.¹⁾

1) Sien die volledige teks van die Reserwebank se verklaring van die 29ste Oktober, soos weergegee op bladsy xiv van hierdie uitgawe van die Kwartaalblad.

Indekse — Seisoensveranderinge uitgesluit (1958 — 100)

	1964		1965			
	3de Kw.	4de Kw.	1ste Kw.	2de Kw.	3de Kw.	Okt.
Bankdebiteringe	204	204	222	234	228	201
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	164	182	194	201	202
Effektebeursomset	271	250	239	200	171	136
Nywerheidsproduksie	163	165	168	169	174
Waarde van goudproduksie	183	188	185	189	190	187
Waarde van invoer	145	152	148	173	169	143
Waarde van uitvoer	127	138	131	129	130	143
Spoorweginkomste	149	153	158	159	162
Waarde van kleinhandelsverkope	131	134	132	135	135
Waarde van eiendomstransaksies	233	251	241	209	185
Waarde van bouplanne goedgekeur	209	219	273	245	199
Werkgeleentheid:						
Private fabriekswese	121	123	128	131	133
Private konstruksie	125	127	144	146	148
Mynwese	112	112	109	111	114
Werkloosheid	73	66	63	58	60	65

Verklaring deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank insake kredietbeperkings

29 Oktober 1965

Die Reserwebank het onlangs vergaderings met sekere groepe van monetêre bankinstellings gehou. Die doel van hierdie vergaderings was om ekonomiese en krediettoestande in oënskoue te neem in die lig van werklike of moontlike ontwikkelings in die binnelandse en buitelandse finansies van die land, met die oog daarop om te bepaal of verdere stappe in hierdie stadium geneem moet word om te help om so spoedig moontlik en met die minste ontwrigting groter ewewig in die ekonomie as geheel te herstel.

Dit het heeltemal duidelik geword dat die basiese faktore in die toestand, in die eerste plek, die volgehoue groot tekort op die lopende rekening van ons betalingsbalans is. Hierdie tekort is te wyte aan die feit dat invoere vir produktiewe en verbruiksdoeleindes aanhou om die land binne te vloei teen 'n oormatige hoë koers in verhouding tot die uitvoerprestasie. Die feit dat die land se reserwes gedurende onlangse weke toegeneem het, is dus te danke aan 'n netto kapitaalinvloeiing, hoofsaaklik van 'n korttermyn aard. Hierdie toestand verskaf begrypklarerwys geen grond vir selfvoldoening nie. Die tweede, en nie onverwante faktor nie, is die hardnekkige aard van die oormatige inflasionêre druk wat voortspruit uit die buitensporige monetêre vraag wat op sy beurt oorbesteding vir beleggings- sowel as verbruiksdoeleindes tot gevolg het. 'n Gunstige klimaat vir die ontwikkeling van albei hierdie ongewenste neigings is in 'n groot mate verskaf deur oormatige kredietuitbreiding.

Daar is aanduidings dat die maatreëls wat alreeds deur die owerhede geneem is, besig is om 'n sekere uitwerking te hê en gedurende die komende maande waarskynlik hul effek sal uitbrei. Maar hulle werk ietwat stadiger as wat verwag is of wat as wenslik beskou word. Bowendien was daar onlangs verskeie onvermydelike ontwikkelings soos salaris- en loonsverhogings en ander vorms van druk op die kostepeil wat sal neig om die uitwerking van hierdie maatreëls teen te gaan, en om die aanpassing tot 'n handhaafbare peil van ekonomiese bedrywigheid te vertraag. Gevolglik het die Bank, na oorlegpleging met die Tesourie, besluit dat verdere kredietbeperkingsmaatreëls nodig geword het.

Die Reserwebank het dus al die monetêre bankinstellings (wat natuurlik vir die grootste

gedeelte van die kredietverlening in die land verantwoordelik is) versoek om te verseker dat die totaal van hulle diskonterings, lenings en voorskotte aan die private sektor, uitgesonderd die Landbank, op 31 Maart 1966 nie die totaal van hierdie poste soos op 31 Maart 1965 oorskry nie. Dit behels 'n matige afname in totale krediet wat geen oormatige kommer of ontwrigting hoef te veroorsaak nie.

Die Reserwebank het ook die monetêre bankinstellings versoek om in die uitvoering van hierdie versoek sekere riglyne na te kom. In die breë is hierdie banke versoek om binne die algemene perke op krediet en onderhewig aan gesonde beginsels vir banklenings:

- (a) nie krediet aan boere en die klein handelsake in die droogtegeteisterde gebiede te verminder nie; in verdienstelike gevalle mag selfs toenames vir absoluut noodsaakdoeleindes oorweeg word;
- (b) om 'n hoë voorkeur te gee aan krediet vir die finansiering van uitvoere wat teen normale handelsterme verkoop word;
- (c) om krediet wat of direk of indirek gebruik word vir die finansiering van invoere te verminder; die primêre kriteria is noodsaaklikheid vanuit die nasionale oogpunt, en/of die bydrae tot uitvoere;
- (d) om krediet vir die aanhou van oormatige voorrade van buitelandse sowel as plaaslike goedere te verminder;
- (e) om krediet vir die finansiering van spekulasie van enige aard te weier;
- (f) om krediet vir die finansiering van persoonlike lenings, huurkoop- en huurtransaksies te verminder; en
- (g) om die kapitaalstruktuur van buitelandse-beheerde filiale in hierdie land noukeurig na te gaan met die oog op die vermyding van oormatige steun op plaaslike kredietbronne.

Die monetêre banke is ook in kennis gestel dat bestaande verpligtings om krediet te verleen nie outomaties of *per se* 'n verskoning bied vir die nie-nakoming van die Reserwebank se versoek nie.

QUARTERLY ECONOMIC REVIEW

SUMMARY AND CONCLUSIONS

- (1) The latest available evidence confirms that the long cyclical economic upswing in South Africa, which began about the middle of 1961, levelled off about the middle of 1965. During the period July to October some important economic indicators, including the gross national product (at current prices), increased at a noticeably slower rate than formerly. Others, such as gross domestic expenditure, private consumption, inventory investment and imports, stopped rising altogether and moved horizontally. A third group, including private fixed capital outlays, retail sales, new motor car sales, building plans and real estate transactions, actually declined, either for the first time since the beginning of the upswing or in continuation of a downward tendency which had begun earlier.
- (2) But despite this change in the cyclical tendency, the level of general economic activity remained very high during the four months under discussion. Indeed, the upswing had "overshot the mark" to such an extent during the first half of 1965 that the levelling-off tendency during the third quarter was not as yet sufficient to cool down the economy to the required extent, so that the inflationary pressure remained considerable and the balance of payments on current account still showed a substantial deficit. The first real signs of a significant reduction in the current deficit only appeared in October.
- (3) Despite the large current deficit, the total gold and foreign exchange reserves declined by only R10 million during the third quarter and increased by R32 million during October. This naturally implied a substantial net inflow of capital, which mainly took the form of private short-term capital movements associated with foreign trade, and drawings on official loans.
- (4) Although the private sector as yet remained relatively liquid, there were definite signs during the period July to October that the various restrictive monetary measures applied earlier were beginning to have some effect. Credit extended to the private sector by commercial banks and other monetary banking institutions, for example, showed a marked levelling-off tendency, while the ratio of money and near-money to gross national product declined slightly.
- (5) Central Government deposits with the Reserve Bank continued to decline sharply during the third quarter and October. In September, however, the Minister of Finance announced measures to curb the capital expenditures of not only the Central Government but also the Provincial Administrations and larger municipalities. In addition, the Government floated a long-term loan in October.
- (6) Capital market conditions continued to tighten throughout the period July to October and further upward pressure was exerted on medium and long-term interest rates. This resulted *inter alia* in a further increase, in August, of $\frac{1}{2}$ per cent in the pattern of rates quoted by the Reserve Bank for transactions in Government stock, bringing the rate for stock with a maturity of more than $10\frac{1}{2}$ years to 6 per cent.
- (7) In order to make a further contribution towards curbing the inflationary pressure which still existed in the economy, the Reserve Bank in October specifically requested all monetary banking institutions to ensure that the total of their discounts, loans and advances to the private sector, excluding the Land Bank, as at the 31st March, 1966, did not exceed the aggregate of these items as at the 31st March, 1965.

NATIONAL ACCOUNTS¹⁾*Decline in Rate of Increase of Gross National Product*

During the third quarter of 1965 the gross national product increased only slightly in monetary terms and showed little if any increase in real terms, i.e., valued at constant prices.

Compared with the previous quarter, the income generated in private manufacturing and agriculture showed little change, while the contribution of commerce, which had risen considerably up to the middle of 1965, actually declined during the third quarter. Although income generated by mining increased during the third quarter, it was still below the level attained during the fourth quarter of 1964 and the first quarter of 1965.


Decline in Private Fixed Capital Outlays

